

## Blanke boere kan nog meer belas word

# Gronddiefstal

Op 25 Julie 2019 is 'n mosie in die ANC-parlement met 189 teen 67 stemme aanvaar dat 'n parlementêre ad hoc-komitee aangestel word om uiteen te sit hoe die besluit om artikel 25 van die Grondwet te wysig (waardeur gronddiefstal in Suid-Afrika gewettig word) toegepas gaan word.

Die voorsitter van die HNP, mnr HF van der Schyff, sê baie kommentaar word gelewer oor die konsekwensies van dié besluit van die ANC. Dit is korrek. Dit is belangrik dat gewys word op die gevare, veral wat die uitwerking daarvan op voedselverbouing en die land se ekonomie in die algemeen sal hê.

Mnr Van der Schyff sê die besluit oor gronddiefstal is reeds geneem. Die nuwe voorstelle bevestig die erns van die grondgrypaksie. Dit weerlê die feit dat baie goedgeelowiges tot nou toe nog geglo het dat die ANC nie die letter van die woord van die *Freedom Charter* sal uitvoer nie. Diegene wat geglo het dat Ramaphosa na die verkiesing sake sal regruk, moet ook nou beseft dat hy nie dié besluit oor gronddiefstal sal opponeer nie.



“Wat belangrik is, sê mnr Van der Schyff, is dat die ANC steeds wegkom met die leuen dat die grond aan die ‘wettige eienaars’ teruggegee moet word omdat die Blankes dit sogenaamd ‘gesteel’ het. Die HNP kan nie anders as om voortdurend op dié leuen te wys nie. Die politiek in

Suid-Afrika is rassepolitiek. Dit word beklemtoon met so ‘n oorweldigende stemming in ‘n swart parlement. Dié optrede van die ANC bevorder polarisasie en verhoog rass spanning tot ‘n baie hoër en selfs gevaarliker vlak as wat ooit in die land bestaan het”.

Intussen het TLU SA in hulle verklaring daarop gewys dat die ANC se besluit om voort te gaan met die grondgrypaksie baie kortsigtig is.

Mnr Louis Meintjes, president van TLU SA, sê “onteiening sonder vergoeding sal nie enige goeie resultate meebring nie. Navorsing toon dat die meeste aansoekers nie die kennis of vermoë het om grond wat nou winsgewend tot die landelike en nasionale ekonomie bydra, volhoubaar kan bestuur nie en in elk geval eerder verkies om finansiële vergoed te word as om met die grond opgesaal te word”.


Hy wys daarop dat die verlede reeds gewys het dat die meeste grond wat voorheen onteien is, nou nutteloos lê omdat die regering die nuwe eienaars nie voldoende bygestaan het om dit suksesvol te bestuur nie.

TLU SA staan by die mening dat dit uiters onverantwoordelik is om met hierdie wysigings voort te gaan. Dit het nie net ‘n direkte invloed op boere,

(Vervolg op bladsy 8)

RIETBOKSTRAAT 2  
POSBUS 298  
THABAZIMBI  
0380

TEL: (014) 777 1618/87  
FAKS: (014) 777 1618  
FAKS NA E-POS: 086 614 1129  
E-POS: spien@lantic.net



**S.J. PIENAAR**  
PROKUREUR  
ATTORNEY

2 RIETBOK STREET  
P.O. BOX 298  
THABAZIMBI  
0380

TEL: (014) 777 1618/87  
FAX: (014) 777 1618  
FAX TO E-MAIL: 086 614 1129  
E-MAIL: spien@lantic.net

**SCHALK JACOB PIENAAR  
B.PROC (U.P)**

LITIGASIE EN KOMMERSIËLE PROKUREUR / LITIGATION AND COMMERCIAL ATTORNEY  
AKTEVERVAARDIGER / CONVEYANCER

WEBBLAD: [www.spienaar.net](http://www.spienaar.net)

PROKUREUR  
ATTORNEYAKTEVERVAARDIGER  
CONVEYANCERBOEDELBEREDDERAAR  
ADMINISTRATOR OF ESTATESTAKSATEUR  
APPRAISERARBEIDSKONSULTANT  
LABOUR CONSULTANT

## Hoe meer beloftes hoe meer agteruitgang

Jacob Zuma, wat nie bekendheid verworf het vir sy vermoë om te tel nie, het net een syfer geken: 'n miljoen. Telkens het hy gepraat van 'n miljoen werksgeleenthede, in ongeveer elke sektor van die ekonomie.

Sy opvolger laat ook geen geleentheid verbygaan nie om te verklaar dat hy armoede wil bekamp en werksgeleenthede wil skep. Een van sy maatreëls daartoe is om 'n nasionale minimumloon daar te stel en om deur middel van die rassistiese "affirmative action" en swart ekonomiese bevoordeling die sogenaamde agtergeblewenes op te hef.

Die resultaat is nou, nogal amptelik deur die staat se eie instellings, dat almal besig is om agter te bly. Die werkloosheidsyfers wat bekendgestel is deur die statistiekdiens, toon dat meer as 10 miljoen mense werkloos is uit 'n (amptelike) bevolking van 58 miljoen. Die syfer styg daagliks namate onwettige immigrante vanuit die noorde oor die grense stroom, omdat Ramaphosa se klomp nie die grense kan beheer nie.

Die ekonoom Mike Schüssler sê daar moet weer gekyk word na swart ekonomiese bevoordeling en "affirmative action", waardeur hy indirek erken dat hierdie rassistiese benadering een van die redes vir werkloosheid is. Ander ekonome erken ruitelik dat die minimumloon 'n groot aandeel in die werkloosheid speel, aangesien werkgewers dit nie kan bybring nie en mense afdank. Dus, die groot kapitalis en "kenner en redder" van die ekonomie, Cyril Ramaphosa, se beleid misluk klaaglik en die land staan 'n verdere afgradering in die gesig.

Intussen het Eskom se skuld las so skrikwekkend verhoog, dat sy rente op lenings miljarde rand per jaar beloop. Binnekort gaan die land in duisternis gehul wees, want selfs die regering het nie genoeg geld om Eskom te red nie.

Tans eis Pretoria se busbestuurders 'n buitensporige salarisverhoging en hulle breek en brand om hulle eis duidelik te stel, in plaas daarvan dat hulle kennis neem van die stygende werkloosheid en bly is dat hulle nog hoegenaamd 'n werk het!

Helaas wys die werkloosheidsyfers nie hoeveel méér Blankes hulle werk verloor het as gevolg van die regering se rassistiese anti-blanke beleid nie. Tog is die laaste handjie vol Blankes wat nog werk, juis dié wat die ekonomie moet dra.

Hoe lank gaan ons dit nog aanvaar en verdra?



## Politieke ontwikkeling oor 50 jaar (2)

### Die NP-regering vernietig beleid van rasseskeiding

Na die NP se afwyking van die sportbeleid, is begin met die aanknoop van diplomatieke betrekkings tussen Suid-Afrika en swart state in Afrika. Mnr John Vorster het die algemene verkiesing wat in 1971 moes plaasvind, tot April 1970 vervroeg. Dit was gedoen om die pasgestigte HNP te vernietig voordat hy behoorlik sy voete kon vind.

Na die 1970-verkiesing was daar nie meer uitgesproke behoudende volksraadslede in die Parlement wat teen die nuwe politieke koers beswaar aangeteken of wal gegooi het nie.

Op 22 April 1971 het mnr Vorster sy nuwe sportbeleid aangekondig. Sport sou op internasionale vlak veelrassig wees onder die banier van "veelvolkig".

Die eerste terrein waar veelrassige sport toegelaat is, was atletiek. Die eerste byeenkoms was op Pilditch in Pretoria. Die atlete het in die Burgerspark Hotel tuisgegaan. Sodoende is die deur oopgemaak vir veelrassige hotelle en restaurante. Toe is die stad se parke vir alle rasse oopgestel.

Die beleid was wegbeweeg van diskriminasie. Die koerante, Afrikaans en Engels, het 'n deurslaggewende rol gespeel om dié beleid te bevorder. "Klein apartheid" is ongedaan gemaak, maar die versekering is gegee dat "groot apartheid" ongeskonde sou bly. Dit het beteken dat die tuislandbeleid nie sou verander nie.

Mnr Vorster het begin met sy uitwaartse beleid. Dié beleid het ook diplomatieke verhoudings tot gevolg gehad, ook met swart state. Die HNP het heftig beswaar aangeteken. Daar was 'n probleem met die huisvesting van die swart diplomate. Die Regering het besluit op 'n afsonderlike dorpsgebied binne die grense van Pretoria. Toe was die vraag waar hulle kinders moes skoolgaan.

In 1971 het pres. Hastings Banda van Malawi Suid-Afrika besoek. Hy het gesê dat hy SA besoek het "om apartheid met vriendskap te vermoor".

In die Suid-Afrikaanse politiek was korrupsie nooit ter sprake nie. Magsmisbruik was ongekend, maar uiteindelik was dit juis die Inligtingskandaal wat mnr Vorster se val sou bewerkstellig.

Die Broederbond is deur mnr Vorster gebruik om sy politieke stryd te voer. Lede van die AB moes 'n eed aflê dat hulle nie deur lidmaatskap of medewerking met die HNP geassosieer is nie en onderneem om enige assosiasie onverwyld te beëindig".

In April 1971 is 'n beleid van "parallëllisme" ten opsigte van die Kleurlinge aanvaar. In 1973 is die Erika Theron-kommissie aangestel om die posisie van die Kleurlinge te ondersoek. In 1976 het dié kommissie aanbeveel dat Kleurlinge deur Kleurlinge in die Parlement verteenwoordig moes word. Dit was dié verslag wat die deur vir die Kleurlinge geopen het om deel van die blanke grondwetlike bestel te word.

In 1977 is 'n grondwetlike bedeling bekend as die Raad van Kabinette voorgestel met 7 blanke ministers, 4 Kleurlinge en 3 Indiërs in die regering. Die HNP het hierdie nuwe bedeling veroordeel as die eerste stap om 'n veelrassige regering in Suid-Afrika in te stel.

• Dié gebeure word volledig in die HNP 50 Gedenkalbum beskryf.



## 'n Stem in die woestyn oor taalgebruik

'n Deeglike opname om vas te stel hoe die deursnee Afrikaner oor die gebruik en misbruik van Afrikaans voel, behoort interessante leesstof op te lewer. Oral hoor ons diepe kommer oor die spreektaal, oor verdraaide spelling, anglistiese uitdrukkings en verfonkfaaide sinskonstruksies. Taalvermenging floreer, meestal met Engels. Ek noem dit graag Mixikaans. Sommige waarnemers praat weer van Englikaans. Iemand moet nog 'n woord vind vir die vreemde uitspraakgewoontes wat daagliks voorkom.

My indruk is dat die taalmeesters in die hoër akademiese wêreld, in die media en in ons skole baie stil geraak het. Waar daar vroeër harde woorde sou val oor afwykende taalgebruik of die invoer van verspotte anglistismes, het die taalkanonne nou stil geraak. Daar is nie meer Afrikaanse leus wat brul of taalbulle wat stormloop nie — miskien op enkele uitsonderings na.

Wanneer daar wel 'n stem roepende in die woestyn opdaag, behoort die taalgemeenskap ernstig daarvan kennis te neem. Veral as dit kom van die kant van die jonger geslag skrywers. Sonja Loots, 'n bekwame skrywer en tans gasskrywer vir *Rapport*, lewer treffende, satiriese kritiek op die algemene laksheid in die gebruik van Afrikaans (*Rapport*, 28 Julie). Wat haar onlangs omgekrap het, was 'n beskrywing deur 'n RSG-aanbieder van die gietende reën in die Kaap. "Dit reën *letterlik* katte en honde", moes sy hoor. Sy noem nog 'n paar gevalle waar die taalgebruik of uitspraak irriteer, soos die jongmense wat sekere vorms "nodig", in stede van benodig. In die beperkte rubriek kom sy ongelukkig nie by die nuwe mode uit, waar die uitspraak van {a} na {ô} verander het nie. Voorbeelde daarvan is legio. Selfs kundige mense praat nou van "ons land *Suid-Ofrika*, die gebruik van jou *wôpen*, die vasstelling van 'n *dô-tum*, 'n saak wat dringend *ôndôg* verg of die werk wat in die volgende *pôr mônde* aan kragnetwerke gedoen *gôn* word".

Die belangrike saak wat Sonja Loots aanraak, formuleer sy so: "In geen van hierdie gevalle het ek egter 'n dooie woord gerep nie. Ek het nie RSG gebel en gekla, die kennisgewing met 'n rooi viltpen bygedam of die stomme kind ingevlieg nie. Die vuurspuwende draak, beserkte beer en sissende slang wat in my kop begin raas het, het ek streng stilgemaak en beveel om mooi soet te gaan lê. Om taalfoute te korrigeer, is deesdae 'n

groter misstap as die taalfout self.

"Die figuur van die taalgeneraal, die taalpolisie, die spel- of grammatika-nazi, is verdag. Hul gesteldheid op korrekte spelling en taalgebruik word geassosieer met meerderwaardigheid, konserwatisme en kleinlikheid. As jy ander mense se taal- of spelfoute korrigeer, loop jy ook gevaar om gebrandmerk te word as 'n Luddiet, want selfone en sosiale media is nuwe taalwêreldes waar die ou reëls nie meer geld nie. Voorskriftelikheid oor taalgebruik en spelling is onbeleef en nie politiek-korrekt nie, aangesien dit een van die maniere sou wees waarop 'n opgevoede elite sosiale hiërargieë bekragtig. Spel-snobisme is onsensitief teenoor mense met disleksie."

Dié spontane kommentaar uit die geleedere van die jonger skrywers is uiters betekenisvol. Wat Sonja Loots verklap, is die feit dat die Afrikaanssprekende publiek geheel en al geïntimideer is; dat Afrikaners bang geword het om aan te dring op die korrekte gebruik van hul taal; dat hulle nie meer bereid is om die tsunami van wanpraktyke aan te durf nie. En 'n tsunami is dit inderdaad: in vraestelle in ons skole, oor die radio, in nuusberigte, in onderhoude met kenners en wetenskaplikes, in gesprekke met die jeug, in die uitsprake van politieke verhoë of selfs van die kansels, hoor ons selde nog korrekte, keurige Afrikaans.

Ons het bang geword om mekaar te korrigeer of om te klink asof ons enigsins kritiek wil lewer. Kinders word toegelaat om te praat soos hulle wil, om te spel soos hulle wil en om woorde uit te spreek soos hulle wil. En die ouer geslag stel nie juis die uitnemende voorbeeld van goeie taalgebruik nie. Niemand wil negatief wees nie. Radiostasies en TV-uitsaaiers kan nie taalnorme toepas nie, want dan moet hulle ontslae raak van 'n hele span omroepers, verslaggewers en programmeiers.

Dit is seker onnodig om lesers daaraan te herinner dat die waarneembare verandering in taalgebruik van ver af kom, waarskynlik van die laat sestigerjare al, toe daar in sekere kringe betoog is dat taalhandhawing nie meer nodig sou wees nie, dat dit "verkramptheid" behels, en dat dit 'n laertrekmentaliteit verteenwoordig. Selfs die eerste minister, adv John Vorster, het in 1968 na taalhandhawers verwys as bogte en bobbejane wat soos wagtters op Sionsmure optree. Die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans is beskryf as 'n front vir ver-regses, en dr Hennie Terblanche (gevierde taalkundige en woordeboekmaker) se metodes is veroordeel wanneer hy hom na die howe gewend het vir die gelykberegtiging van Afrikaans.

Sedert 1994 word Afrikaans aktief teruggedruk, word dit behandel soos 'n versperring in die opgang van anders-taliges en anderskleuriges. Afrikaans se status is in byna elke belangrike instelling verminder of dit is heeltemal uitgefaseer as gebruikstaal. Daarom glo baie Afrikaners nie meer dat dit hulle plig is om reg te praat, reg te spel en reg te skryf nie. ■

# So is ons verraaai (5)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar** by Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

## Die Nasionale Party,

### Eerste Wêreldoorlog en die Rebelle: 1914

Volgens die Grondwet van 1910 het Boere-Afrikaners en Engelssprekende Suid-Afrikaners ampelik gelyke status in Suid-Afrika geniet. Dit was egter net teorie, in die praktyk was dit 'n perd van 'n ander kleur. Die nuwe Anglofile, Botha en Smuts, het gesorg dat Britse belange voorrang geniet en die jingopers kon doodeenvoudig voortgaan om haat teen die Boere uit te spuug. Die groot mynmagnate het voortgegaan om Boere- en swart mynwerkers meedoënloos uit te buit, want die nuwe regering was, net soos Milner tevore, aan die geldmag se kant. Die grootste gros van staatsdiensposte, veral in die middel- en senior vlakke, het na Engelssprekendes gegaan en die Engelse oorheersing van die onderwysstelsel het onverpoosd voortgeduur (*Van der Walt et al.*: 482-483).

Hierdie stand van sake het uiteindelik te veel vir generaal J.B.M. Hertzog, 'n stoere Boeregeneraal in Botha se regering, geword. Hy het Britse imperialisme toenemend met die leuse "Suid-Afrika eerste" beveg, sodat Botha hom uiteindelik uit sy kabinet geskop het. In 1914 het Hertzog toe die Nasionale Party gestig. Baie Boere-Afrikaners wat ontnugter geraak het in Louis Botha en die Britse juk wou afskud, het spoedig 'n politieke tuiste in dié party gevind. Toe die Eerste Wêreldoorlog later dieselfde jaar uitbreek, het 'n aansienlike getal Boere teen die Botha-kabinet se besluit om aan Britse kant tot die oorlog toe te tree, gerebelleer. Hulle kon eenvoudig nie kleinkry dat Botha saam met Brittanje, wat 'n skrale twaalf jaar tevore Boerevroue en -kinders vermoor, en Suid-Afrika steeds uitgebuit het, wou oorlog maak nie. Botha en Smuts het vinnig met 'n oormag teen die Rebelle opgeruk. Onder dwang van hul vroeëre wapenbroers om hulle by die belange van die Britse Ryk neer te lê, het 'n hele aantal van die rebelle hul lewens en eiendom ingeboet.

### Die soeke na 'n homogene staat

Generaal Hertzog was teen 1919 met goeie reg oortuig dat die groot diversiteit en diepe verdelings die eksperiment met die Suid-Afrikaanse eenheid-

staat onwerkbaar sou maak. Gevolglik het hy gedurende die Versailles vredesonderhandelings na afloop van die Eerste Wêreldoorlog sy opwagting in Europa gemaak en by die Britse Eerste Minister, Lloyd George, vir die herstel van die onafhanklikheid van die twee Boererepublieke gepleit. Sy versoek was op VSA president Wilson se "Veertien punte", en spesifiek die reg op selfbeskikking van kleiner volke wat daarin vervat was, gebaseer. Lloyd George het geweier, en dit was die laaste belangrike geleentheid in 'n lang tyd wat die Boere sou probeer om hulle grondgebied los te maak van die veeltalige "Suid-Afrika". Gedurende die opvolgende dekades sou hulle 'n teenoorgestelde ontbondelingstrategie nastreef: om SA te aanvaar soos wat dit was en wanneer hulle eendag aan bewind sou kom, die tradisionele swart gebiede af te skei ten einde groter homogeniteit in hulle eie gebied te bekom. Dit was 'n verandering van rigting met vêrreikende gevolge.

### Eerste regering van die NP

#### en vryheid sonder feestelikheid: 1924-1934

Gereelde konfrontasies tussen die mynmagnate en hul uitgebuite werkers was vir jare aan die orde van die dag totdat dit in 1922 op 'n ernstige opstand deur die blanke mynwerkers uitgeloop het.

(*Vervolg op bladsy 5*)



'n Boek getiteld "Lotsgebonde" handel oor die verhaal van Frits Joubert Duquesne, 'n dapper Boere- en Duitse spioen. Dit is geskryf deur Bets Botha.

Die boek kan bestel word vanaf Bets Botha - 079 353 1997.

## Mediaverklaring

### Regering behoort op te tree teen ANC Jeugliga se aksies

“Die HNP neem met kommer kennis van die berigte op sosiale media dat groepe soos die Black Centric Forum (slegs swart lede word toegelaat) en die ANC Jeugliga nou skielik begin met militêre opleiding, wapenhantering en opleiding in guerilla taktieke vir die swart jeug”, sê mnr Peet Joubert, onderleier van die HNP.

Mnr Joubert sê die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag en die Suid-Afrikaanse Polisie is reeds ten volle onder die beheer van die ANC-regime en is veronderstel om volgens die land se grondwet die hele Suid-Afrikaanse bevolking te beskerm.

“Sedert die ANC se onwettige oornam van ons land, het die ANC nie net daarin geslaag om die polisieëringstandaard te verlaag nie, maar het hulle ook die Kommandostelsel heeltemal ontbind.

“Bogenoemde, tesame met die rassistiese, radikale en rewolusionêre uitsprake deur swart politieke leiers op openbare platforms, het daartoe gelei dat duisende blanke Suid-Afrikaners aangeval, gemartel, verkrag en vermoor word op plase, kleinboewes, dorpe en stede.

“Die HNP doen reeds lankal ‘n beroep op volksgenote om paraat te wees en in staat te wees om hulleself te verdedig”.

Mnr Joubert wys daarop dat plaas- en buurtwagte wat bestaan, selfbeskerming binne die voorskrifte van die landswette toepas deur minimum geweld te gebruik. Daarteenoor is die ANC Jeugliga se opleiding in guerilla-taktiek ‘n vorm van oorlogvoering waar die vyand aangeval en uitgewis word.

“Die HNP dring daarop aan dat die owerhede hierdie rewolusionêre, militêre en rassistiese aksies wat deur ‘n gedeelte van die swart Suid-Afrikaanse bevolking georganiseer word, onmiddellik in die kiem smoor.

“Daar is ‘n sterk vermoede dat hierdie opleiding onderneem word om wettige blanke weerstand teen plaasbesettings en gronddiefstal gewelddadig te onderdruk.

“Kennis is geneem dat die ANC hom van die jeugliga se aksies gedistansieer het. Meer as dit word geëis. Indien die owerheid versuim om daadwerklik op te tree, kan dit beskou word as ‘n stilswyende goedkeuring wat bloedige konfrontasie tussen wit en swart tot gevolg kan hê”, sê mnr Joubert.

## So is ons verraai

### Van bladsy 4

Die myneienaars het, ten spyte van ‘n daling in die goudprys, hulle wins op dieselfde vlak probeer hou deur duisende blanke werkers te ontslaan en hulle poste met laer besoldigde swart werkers, wat hulle van die tradisionele swart gebiede oral in Suid-Afrika wou invoer, te vul. Bedreig deur ‘n verdere vlag van werkloosheid het die reeds onderdrukte blanke werkers begin staak. Hulle getalle is spoedig aangevul deur blanke werkers in ander industrieë.

Geweld het uitbreek en Jan Smuts, wat Louis Botha intussen as eerste minister opgevolg het, het die opstand met militêre geweld onderdruk. Bloed het gevloei en sekere werkers is tereggestel. Na die opstand is 15 000 blanke werkers ontslaan en deur Swartes vervang; ‘n skuif wat £3 000 000 in die sak van die magnate besorg het (*Hertzog*: 65-67).

Die bitterheid teenoor Smuts wat daarop gevolg het, was ‘n belangrike rede waarom hy die volgende verkiesing in 1924 teen ‘n koalisie wat deur

Hertzog gelei is, verloor het. Die nuwe Eerste Minister het onverwyld die stryd teen Britse opperheerskap voortgesit en het die groot dryfkrag agter die Balfour-verklaring van 1926 geword. Hierdie belangrike dokument het ‘n enkele ingrypende sinsnede bevat wat die einde van die eeue oue Britse heerskappy oor sy dominiums wat deur Blankes bewoon is — Suid-Afrika, Australië, Kanada, Nu Seeland en die Ierse Vrystaat — ingelui het:


“...*Great Britain and the Dominions are autonomous Communities within the British Empire, equal in status, in no way subordinate to one another in any aspect of their domestic or external affairs... and freely associated as members of the British Commonwealth of Nations*” (*Inter-Imperial Relations Committee Report*: 2).

(“Hulle [Brittanje en die dominiums] is outonome gemeenskappe binne die Britse ryk, gelyk in status, op generlei wyse in enige aspek van hul binne- of buitelandse sake die een ondergeskik aan die ander nie, hoewel verbonde deur hulle gemeenskaplike trou aan die Kroon en vryelik verenig as lede van die Britse Gemenebes van Nasies.” — *Van der Walt et al.*: 518).

# Woord en wêreld

## God se heilsplan vir die wêreld

deur Dr Müller Pretorius



Wanneer 'n mens kyk na hoe die wêreld in 'n chaotiese toestand is na die sondeval in die paradys met Adam en Eva se ongehoorsaamheid en hoedat daar eintlik 'n duisternis op die aarde neergedaal het, dan wonder 'n mens hoe alles gaan eindig. 'n Mens kan byna sê dat die toestand soos dit voor die skepping van hemel en aarde en plante en diere en die mens was, weer terugkeer het. In Gen. 1:2 staan daar: "En die aarde was woest en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed..." Nadat God egter alles geskape het, lees ons in Gen. 1:10,12, 18, 21, en 25 dat God gesien het dat dit goed was, en in vers 31 sluit God af met die woorde: "Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en — dit was baie goed."

Ons wil vandag kyk na al die dinge wat hierdie duisternis en chaos in die wêreld veroorsaak en wat die Prediker laat uitroep het: "Alles tevergeefs, alles tevergeefs, dit is alles tevergeefs!" (Pred. 1:2) en waarvan Paulus aan die heidene gesê het in Ef. 2:12: "Julle was sonder hoop en sonder God in die wêreld".

In Gen. 6 lees ons van die sonde van die mens wat net toegeneem het. Dan kom God met die plan van die Noagitiese verbond met die vrome Noag en die jarelange bou van die ark waardeur Noag en sy familie gered is van die sondvloed wat die destydse mensdom vernietig het. Ons kry nog verder die verbond wat God met Abraham en sy nageslag gemaak het, naamlik die volk Israel wat God as volk in stand gehou het o.a. deur die redding uit die slawerny in Egipte. God het hulle ingelei in die land Kanaän. Tot sy volk se redding het Hy sy plan bekend gemaak met die messiaanse profesieë oor Christus, die lig van die wêreld, wat uit sy volk gebore sou word en wat die duisternis sou verdryf en die Christene wat sy lig (Christus se lig) in die wêreld sou laat skyn.

In die Christelike era het ons o.a. die Donker Middeleeue gekry en die twee Wêreldoorloë in die 20ste eeu. Tans kry ons die duisternis as gevolg van al die korrupsie, moord, diefstal, egskeidings, aborsie, dieselfde geslag-huwelike, ensovoorts.

Maar God het van ewigheid af 'n plan gehad om die duisternis en chaos te verdryf. Paulus praat

daarvan as 'n geheimenis in Efes. 3:9-11. Die geskiedenis en die verloop daarvan sal nooit uit God se hand raak nie. God behoort nie aan die eb en vloed van die tyd nie. Hy is daar bo en is nie aan tyd gebonde nie. Paulus praat dan ook van "die menigvuldige wysheid van God" of "die ryklik geskakeerde wysheid van God" (Direkte vertaling, 2014).

Die wêreld behoort aan God en dit is nie die mens se wêreld nie. Die mens het wel baie slim geword en kan selfs 'n atoom splits en op die maan land. Maar dit bly God se aarde. Hy het dit geskep. Die kern van God se heilsplan is dat God in Jesus Christus na die wêreld gekom het as die lig van die wêreld (Joh. 8:12). Jesus sê ook aan sy dissipels: "Julle is die lig van die wêreld" (Matt. 5:14). Deur Jesus Christus self en deur sy Kerk sal die duisternis in die wêreld verdryf word. Wat 'n groot verantwoordelikheid vir ons as deel van die volk van God hier op aarde.

Hierdie heilsplan van God het Hy al van ewigheid af gehad en Hy laat Hom deur niks onverhoeds oorval nie. Hy is te alle tye gereed om sy lig deur Homself en deur sy Kerk te laat versprei en die chaos van die duisternis te verdryf. Dit is die mens se sonde en boosheid wat die duisternis oor die aarde gebring het. Dit is nie die mens wat die redding van die wêreld teweeg bring nie, maar God wat dit werk deur sy Kerk wat Hy tot stand gebring het deur sy Heilige Gees en sy getuies wat die lig versprei tot aan die einde van die wêreld. Maar dan moet die mens met God versoen wees (vgl. 2 Kor. 5:19-21).

Die oplossing is Jesus Christus en Hom as gekruisigde. Nasies kan maar kom en gaan, maar God se heilsplan sal ongestoord voortgaan. Die Seun van die Mens sal op sy glansryke troon sit (vgl. Matt. 19:28). Ja, daar sal nuwe hemele en 'n nuwe aarde wees (vgl. 2 Petr. 3:13 en Jes. 11:6 en 7). Christus sal weer op die wolke kom en alle sonde en boosheid uitroei. God sal die wêreld in geregtigheid oordeel en almal wat waarlik deel is van die liggaam van Christus, sal saam met Hom regeer tot in ewigheid (2 Tim. 2:12).



## Ons lesers sê dankie

Verskeie lesers het die afgelope week 'n finansiële bydrae tot die HNP se verjaardagfonds gemaak. Dit, saam met vorige bydraes, word met groot dank ontvang.

Mnr Fritz van Graan, onderleier van die HNP en voorsitter van die finansiële komitee, het sy dank en waardering uitgespreek. Hy sê die offervaardigheid van Afrikaners was oor al die jare van stryd 'n besondere eienskap. Dit word nou weer ervaar. Mnr Van Graan se strydraad het R5 000 tot die verjaardagfonds bygedra.

Een van die getrouste ondersteuners op die Oos-Rand, mnr Gert Botha, is kliphard aan die werk om bydraes in te samel vir die verjaardagfonds. Hy en sy vrou het R1000 bygedra. Mnr Botha het sy waardering uitgespreek dat die HNP steeds *Die Afrikaner* publiseer. Hy sê die betekenis van die artikels en die boodskap van Afrikanernasionalisme mag nie gering geskat word nie.

Vanuit Nederland skryf mnr Hans Knaap wat reeds jarelank 'n getroue leser van *Die Afrikaner* is: "Met verbazing lees ik in uw artikel op blz. 2, dat zgn. "megaboeren" de landbouw-activiteiten zouden voortzetten, nadat de betreffende gronden van de rechtmatige eigenaren afgenomen worden. Daarbij zou men ook op geldleningen uit het buitenland steunen; deze leningen zouden uit Arabische landen komen. Zou hier vooral Saoedi-Arabie geld aan de ANC-staat lenen? Van welke afkomst zouden dan deze 'megaboeren' zijn? Als Nederlander verheugt het mij enorm, dat in onze Tweede Kamer eindelijk een motie ingediend werd, die Zuid-Afrika wil dwingen, deze plaasmoorden te stoppen".

- Skenkings kan inbetaal word op die HNP se bankrekening. Die besonderhede is soos volg:  
Absa Tjekrekening. Naam van rekening: HNP  
Takkode: 632 005  
Rekeningnommer: 020 001 348  
Verwysing: Van, Voorletters, Stad/Dorp en die syfer 50

Dié Land  
is ons Land!

Nommer 10

## Republiek Natalia

Terwyl die voorbereidings vir Bloedrivier aan die gang was, het maj. Charters op 3 Desember 1838 per oorlogskip in Port Natal opgedaag en die Britse vlag oor die hawe en omstreke gehys. Hy het selfs invloed oor die binneland probeer uitoefen, maar aangesien die anneksasie teen die imperiale owerheid se wens plaasgevind het, is sy opvolger, kapt. Jervis, beveel om terug te trek. Toe het die hawe ook Voortrekkerbesit geword.

Reeds in 1838 is Pietermaritzburg as hoofstad van die Voortrekkergebied uitgeroep. In Maart die volgende jaar is 'n grondwet vir die Republiek Natalia opgestel. Die grondslag was republikeins en demokraties, geskoei op Calvinistiese beginsels.

'n Raad van Representanten het uitgegroeï tot 'n Raad des Volks of Volksraad met 24 lede wat deur alle stemgeregtigde burgers verkies is. 'n Voorsitter sou leiding gee, maar weer eens is die regeringsmagte nie van mekaar geskei nie. Die grondwet het nie voorsiening gemaak vir 'n staatsleier nie, die Volksraad self sou die hoogste gesag wees. Dit het tot gevolg gehad dat die militêre leier sterk op die voorgrond getree het, naamlik Andries Pretorius as Kommandant-generaal. Dit het tot botsings tussen die twee gelei.

Wat egter van belang was, was dat die grense van die republiek duidelik omskryf is tot teen die Tugela, asook die ondergeskikte gebied tot aan die Swart Umfolozi. Verder is 'n beleid van segregasie gevolg met streng beheermaatreëls oor Swartes binne blanke gebied. Werkers sou in beperkte getalle toegelaat word, maar oortollige Zoeloes sou in 'n reservaat tussen die Umzimvubu en Umtamvuna geplaas word.

Die Voortrekkers het verskeie verhoë tot die Britte gerig om hul republiek amptelik te erken, dog dit is geïgnoreer. Nadat die Britte in 1842 besluit het om Natal te annekseer, het die twee groepe mekaar militêr by Congella gekonfronteer. Die Voortrekkers het die Britte beleër, maar Dick King se perderit om versterkings te kry, het die skaal in die guns van die Britte geswaai. Op 12 Mei 1843 het Natal 'n Britse kolonie geword. Die Voortrekkers het hierna Natal verlaat.

Die grense is net so behou, maar vanweë sir Theophilus Shepstone se lokasiebeleid is duisende Zoeloes in gebiede suid van die Tugela gevestig. Dit het tot die vestiging van Kwa-Zulu soos 'n lappieskombers dwarsoor Natal gelei. Die Blanke gebied is egter duidelik gedefinieer en het in 1910 so ingeskakel by die Unie van Suid-Afrika. In 1961 het hulle steeds deel uitgemaak van die Republiek van Suid-Afrika.

# Gaan Britte EU nou verlaat?

Mnr Boris Johnson is die nuwe Britse Premier. Hy volg mev Theresa May op as Eerste Minister en leier van die Konserwatiewe Party.

Johnson het destyds uit die parlement bedank oor die gesloer om Brittanje uit die Europese nie (EU) te onttrek.

Die eerste krisis waarmee Johnson te doen gaan kry, is wat die posisie met Ierland gaan wees indien Brittanje die EU verlaat. Johnson is bereid om die EU te verlaat, al is dit sonder 'n ooreenkoms. Die probleem met 'n ooreenkoms is die posisie tussen Noord-Ierland en die Ierse Republiek.

Met Johnson se verkiesing as premier is elf senior ministers ontslaan en nog ses het self bedank. Van hulle is ten gunste van lidmaatskap van die EU, terwyl ander net bloot nie ondersteuners van Johnson is nie.

Dit is interessant dat Johnson vir Jacob Rees-Mogg as die leier van die Huis van Verteenwoordigers aangestel het. Mogg was die persoon wat in Februarie vanjaar gesê het dat die vroue en kinders tydens die Engelse Oorlog in Suid-Afrika in konsentrasiekampe aangehou is om hulle te versorg. Die HNP het toe in 'n verklaring gesê mnr Mogg skuld die Afrikaner-



Mnr Boris Johnson

volk 'n verskoning vir die leuen wat hy vertel het. Nou is hy tot 'n baie senior pos in die Britse parlement aangestel.

• Intussen is mev Ursula von der Leyen aangewys as die president van die Europese Unie. Sy was voorheen minister van verdediging in Duitsland in Angela Merkel se kabinet.

## Gronddiefstal

Van bladsy 1

hulle werkers en die platteland nie, maar ook op die vertroude wat buitelandse beleggers in die land het.

Sekere oorsese publikasies het ook oor die komitee se aanbevelings gerapporteer. Daar word byvoorbeeld daarop gewys hoe alles in Zimbabwe in duie gestort het toe die blanke boere se eiendom in die ou Rhodesië net eenvoudig gevat is en die boere van hulle grond af verwyder is — dikwels sonder om enige besittings saam te neem. Toe daar blanke boere in Rhodesië was, was dié buurstaat ekonomies vooruitstrewend en dikwels as die broodmandjie van Afrika beskou.

Dr Pieter Groenewald van VF Plus sê die grondwet moet met 'n tweederde-meerderheid verander

word. Wanneer dit gedoen is, kan gewone wette met slegs 'n gewone meerderheid (50% +1) verander word. Dit beteken dat die ANC selfs op so 'n manier kan oorgaan tot die nasionalisering van grond.

Die taakspan wat aanbeveel het dat die wetlike implikasies in die grondwetwysiging nou bepaal moet word, het onder andere voorgestel dat bestaande eienaars op hulle landbougrond belas moet word om hulle sodoende te ontmoedig om groot stukke "onproduktiewe grond" te behou.

Verder word aanbeveel dat "individue met te veel grond bestawwende belasting moet betaal". Dan word die regering vermaan dat "wetgewing nie bepaal moet word deur Westerse heersende kultuur nie". Mnr Van der Schyff wys daarop dat die ANC daarop uit is om die suksesvolle gebruike en werkbare stelsels in Suid-Afrika te vernietig.

## HEINRÉ DE BRUIN

Die Moeitedoener



Kontak my vir 'n Mediese Skema of Skemaversterker wat so omvattend moontlik aan u behoeftes voldoen, teen 'n prys wat u sak pas. Of as u hulp en raad met u huidige dekking benodig.

082 953 3222 / 053 531 0123

Finansiële Diensverskaffer – Lisensie 8840

## Werda Gastehuis

- \* Akkommodasie in Upington.
- \* Gratis parkering op perseel.
- \* Elke kamer is toegerus met 'n platskerm TV en 'n ketel.
- \* Alle kamers het bad- of stortgeriewe.
- \* Naaste lughawe is Upington Lughawe, 5km ver.

+27 823380934

admin@werdakamers.co.za